# VAN DIE REDAKTEUR



**'N NUWE BEDELING!**

"This world of ours is a new world, in which the unity of knowledge, the nature of human communities, the order of society, the order of ideas, the very notions of society and culture have changed, and will not return to what they have been in the past.

"What is new is new not because it has never been there before, but because it has changed in quality ....

"One thing that is new is the prevalence of newness, the changing scale and scope of change itself, so that the world alters as we walk in it ...."
(Robert Oppenheimer)

Hierdie uitgawe van BEDRYFSLEIDING/BUSINESS MANAGEMENT staan in die teken van 'n nuwe bedeling. Nie alleen het die formaat en voorkoms daarvan verander nie, maar, in ooreenstemming met die verklaarde redaksionele beleid, beoog die Redaksie om 'n steeds omvattender diens te lewer aan sy leserskring – akademici sowel as praktisyns in die breë veld van bestuur. Die redaksionele beleid word vir die eerste keer in hierdie uitgawe gepubliseer. Voortaan sal die Redakteur bygestaan word deur 'n redaksionele komitee bestaande uit die direkteure van die ses sakeskole in Suid-Afrika, of hulle verteenwoordigers, en hierdie assosiasie het dit moontlik gemaak om 'n bydrae oor verskillende aspekte van bestuur deur elkeen van die sakeskole in hierdie uitgawe van die lyfblad te plaas. Hoë verwagtings word gekoester, nl. dat hierdie onderlinge samewerking 'n kragtige middel sal wees om die gestelde doelwitte van die SAVB te verwesenlik.